

Gebed by die opening van kerklike byeenkomste

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, U het in u oneindige wysheid en goedertierenheid dit goedgedink om uit al die mense van die hele aarde vir U 'n gemeente te vergader deur die verkondiging van die heilige evangelie¹, en om die gemeente te regeer deur die diens van mense.

U het ons ook tot so 'n amp genadig geroep en ons beveel om goed ag te gee op onsself en op die hele kudde² wat Christus met sy dierbare bloed verwerf het.

Ons is dan nou hier in u heilige Naam vergader om volgens die voorbeeld van die Apostolieke Kerk oor die dinge wat voor ons sal dien en wat betrekking het op die welstand en die stigting van u kerke ooreenkomsdig ons amp te handel. Om hierdie rede moet ons egter self bely dat ons daartoe nutteloos en onbekwaam is, omdat ons van nature nie in staat is om uit onsself iets goed te kan dink of enigsins te kan doen nie.

Daarom bid ons U, o getroue God en Vader, wil U volgens u belofte, in ons vergadering wees met u Heilige Gees, wat ons in alle waarheid lei. Neem ook van ons weg alle misverstand en verkeerde motiewe van die vlees; gee dat u heilige Woord die enigste reël en maatstaf van al ons beraadslagings en besluite mag wees, sodat dit mag strek tot eer van u Naam, tot opbou van u gemeente en tot die wegneem van die laste van ons eie gewetens. Ons vra dit deur Christus Jesus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig geloof en geprys moet word.

Amen.

¹ [HK/HC, So./Sun. 21, vr/q 54]

² [Hand./Acts 20:28]